DAMESKRING VERJAARSDAGLIED

1. Jare lank droom ons en doen –
dames wat omgee, bind en versoen.
Geesgenote, ons erken en vertrou.
Die land bly ons tuiste, trots is ons vrou.

Deur kosbaar land reik wyer die kring
om vir almal hoop te bring.
Gegrond in die Waarheid, die Vader ons Heer,
leef ons met vreugde. Aan Hom alle eer!

Vroue van toe word vroue vir nou –
gelowig dinamies waak ons en werk.
In gisters gevorm, vandag kan ons bou,
geborge, gekoester, saam is ons sterk.

Ek, jy, sáám! Ons hart klop Dameskring!
Ek, jy, sáám! Ons hart klop Dameskring!

2.Vrouwees word met mekaar gedeel,
stukkend en seer word saam-saam weer heel.
Ons ag ons gesinne en ons leer van mekaar.
Leef en laat leef om te koester, bewaar.

Taal van ons hart, waarin ons bid, dink en praat –
Afrikaans sê so mooi, dit sing en klink.
Deel van Afrika is ons én die taal.
Hier lê ons wortels, hier wil ons bly.

Vroue van toe word vroue vir nou –
gelowig dinamies waak ons en werk.
In gisters gevorm, vandag kan ons bou,
geborge, gekoester, saam is ons sterk.

Ek, jy, sáám! Ons hart klop Dameskring!
Ek, jy, sáám! Ons hart klop Dameskring!
Ek, jy, sáám! Ons hart klop Dameskring!
Ek, jy, sáám! Ons hart klop Dameskring!

Die Dameskring

Hersien en goedgekeur Sept. 2020